practice includes Gunter Nissen in a Closed Corporation and is known as Hattingh Ball + Nel Architects cc. Enjoyed over the years a varied and challenging practice, from Residential to Commercial, Church Buildings and Institutional Developments, in scope small alterations to 50 million rand projects.

**Holm, Prof D en Holm, A**

Albrecht en Dieter kwalifiseer 1960.
Reeds vroeg het ons geleer om aan kompetisies deel te neem en was gelukkig om ook te wên:

- J D M Hertzogkompetisie vir Stadsplein in Monumentum Bloemfontein - 1961 - Eerste prys
- Star kompetisie vir Fontein in Johannesburg - 1962 - Spesiale prys
- Langenhoven Studentesentrum, Stellenbosch -1970 - Eerste prys
- Vegkopmonument by Heilbron - 1974 - Eerste prys
- BIFSA kompetisie - 1985 - Eerste prys
- Lutherische Kerk, Pretoria - 1989 - Eerste prys

Toekennings:

- Plan SA 1974 wy 'n hele uitgawe van die firma se werk
- Austin Whillier Toekenning vir sonenergiepublikasie vir die boek "Energy Conservation in Hot Climates" 1984
- Merietetoekenning van die Instituut van Suid-Afrikaanse Argitekte 1989
- Goue medalje deur die Stigting Simon van der Stel 1990
- Sertifikaat van verdienstelikheid van die Oud Pretoria Vereniging 1990
- Merietetoekenning vir Bewaring deur ISAA 1991
- Toekenning vir baksteekwerk van uitnemendheid 1990
- Merietesertifikaat vir Duluxverf 1992
- Toekenning vir toppresteerder Stadsraad van Pretoria 1992

'n Besondere dag was toe ons in die Gildehuis No 5, ons eie gebou, kon intrek.

Die Transvaal het nog steeds die gees van die pionier in hom alhoewel die Tweede Groot Trek na verstedeliking reeds vêr gevorder het - 'n verandering wat nie sonder pyn ervaar word nie. Die Transvaal is fisies die naaste aan Afrika; daar is geen hawens nie. Die versagting van die see ontbreek. Dinge gebeur hier skril, skielik en rewolusionêr: daar is geen lente en herfs nie. Die Transvaal is egter ook die slagveld van die grootste en mees gevestigde nywerheidsomwenteling in Afrika, Afrika wat tans oorweeg is om die industriële tydvak binne te vaar.
Dit moet sy neerslag in die Transvaalse mens en sy argitektuur vind. Hier het Wierda 'n Republikeinse styl gevestig wat deur Baker se koloniale styl verdring is. Hier het Pierneef en Moerdyk 'n streekargitektuur nagestreef, maar Martienssen en andere het 'n "Zerohour" argitektuurrewolusie van die "International" style daaroor gespoel.

Tenmidde van hierdie wisselvallige toneel glo ons persoonlik nogal daaraan dat argitektuur meer as een man diep is, en behoort te wees. Dit beteken eerstens dat goeie werk die produk van 'n bouheer se visie is wat sy argitekte en vakmanne inspireer. Tweedens sien ons die "meer as een man diep" in die geskiedkundige en plaaslike kontinuiteit. Laastens is ons ontwerpbenadering sinergisties wat die bydraes van die vennote betref.

"Die visie van die bouheer" mag pretensieus klink, maar daar is tog in elke bouheer iets wat hom bo die alledaagse verhef. Iets wat hom as mens eenmalig en besonder maak. Ook 'n bouheer wat besonder veeleisend, of selfs onmoontlik is, kan deur sy uitdaging inspirerend wees.

Wat die geskiedkundige deurlopendheid betref, beskou ons ons eie pogings as deel van die groot Westerse tradisie. Ons voel 'n verpligting teenoor die plaaslike verlede en teenoor die toekoms.

Die plaaslike kontinuiteit beteken die kultuur en boutradisie van die besondere plek. Ons meen dat 'n argitek daarmee vertroud moet wees. In Pretoria bestaan daar byvoorbeeld die gebruik van baksteenwerk wat reeds deur Wierda, J J Kirkness en sy mense begin is en deur Horstmanshof, Norman Eaton en Robert Schmikl voortgesit is.